

Les 13 Tempelspeletjies in die kerk van die Here.

1. Jesus het in die regte heiligdom ingegaan, nie in die speel-speel een nie.

Jesus is as mens vandag in die hemel en daar is Hy ons Hoëpriester. Kyk weer hoe wys die Bybel dit vir ons

Hebreërs 10 vers 24: "Christus het nie ingegaan in 'n heiligdom wat deur mense gemaak is en net 'n namaaksel is van die ware nie. Nee, Hy het in die hemel self ingegaan om nou ter wille van ons voor God te verskyn."

Wat is 'n namaaksel?

Dit is nie die regte ding nie. Dit is net iets wat lyk soos die regte ding, maar dit is nie. Daarom kan ons sê dat alle prentjies en foto's is namaaksels. Dit maak die regte ding na. Dit lyk net soos die regte ding maar dit is nie.

Onthou julle nog die voorbeeld van 'n seun of meisie wat 'n foto van sy of haar meisie of ou op 'n selfoon het. Dit is nie jou regte meisie of ou nie. Dit is maar net 'n foto namaaksel.

Wat is die regte heiligdom? Geboue wat mense hier op die aarde bou of die hemel waar God verheerlik is? Kyk wat wys ons vers wat is die regte een en watter is namaaksels of net speel-speel!

Geboue wat mense bou, kan nie die heiligdom wees nie. Die hemel is God se heiligdom.

Dit is waarheen Jesus as mens gegaan het om vir ons Hoëpriester te wees. Hy is nie Hoëpriester in plekke wat mense bou en dit tempels of kerke noem nie.

2. Jesus het sy offer na die hemel gevat.

Watter offer vat Jesus na die hemel toe?

Kyk hoe wys die Bybel dit vir ons!

Hebreërs 10:10 "Omdat God dit wou, is ons vir God afgesonder deurdat Jesus sy liggaam as offer gebring het, eens en vir altyd."

Jesus vat nie ons offers na die God die Vader nie. Hy vat ook nie ander mense se offers vir die Vader nie. Die enigste offer wat Jesus na die Vader vat vir ons sonde is Homself. Hy is die enigste offer wat vir ons sondes kan betaal. Niemand

en niks anders as Jesus kan die betaling van ons sondeskuld wees nie.

En wanneer Hy vir ons sondes betaal het ons nooit weer enige skuld vir enige sonde nie. Ons kan met geen sonde wat ons doen, ooit weer skuldig wees by God nie.

Kyk hoe mooi staan dit in die Bybel: eens en vir altyd. Nooit weer nie! Net een keer doen Jesus dit vir jou en my en dan word daar nooit weer vir enige sonde iets betaal nie.

Niemand kan ooit weer vir die Here iets vat om vir sondes te betaal nie. Net Jesus het dit vir ons net een keer en vir altyd gedoen.

3.Net Jesus is ons Hoëpriester, niemand anders nie.

Hebreërs 9 vers 11: “Maar Christus het gekom as Hoëpriester van die weldade wat nou verwesenlik is.” Jesus is ons Hoëpriester. Net Hy alleen. En dit is regte so. Hy het sy offer wat Hy vir ons gebring het na God die Vader gevat.

Daarom is daar nie meer enige iets soos die hoëpriester van die Ou Testament nie. Hy was net ’n namaaksel, net ’n prentjie wat gewys het wat die regte Hoëpriester vir ons gaan kom doen.

Kom ons vat dit saam:

- Net die hemel is die regte heiligdom, die regte tempel van God. Geen gebou op aarde kan ooit God se regte tempelwees nie. Daar mag ook nooit weer prentjietempels wees nie want ons het nou die regte een.
- Net Christus het een offer vir altyd vir elke sonde wat ek ooit sal doen gebring. Daar kan geen ander offers vir ons sondes deur niemand gebring word nie. Nie onself of enige iemand anders nie. Net Jesus se dood aan die kruis was ons offer.
- Net Jesus vat sy offer na die God die Vader toe. Niemand anders nie want net Jesus is die regte en enigste Hoëpriester in die hemel.

4.Godsdiens of tempel speletjies in die kerk?

Wat doen ons elke Sondag in die kerkgebou?

Ons kom bymekaar en aanbid God. Ons sê vir God dankie vir alles wat Hy vir ons doen. Ons Gee aan God die erkenning en eer dat Hy vir ons God is en ons liefhet.

Ons loof die Here met liedere vir alles wat Hy vir ons is en doen. Ons bid en vra die Here om ons te help en lief te hê. Ons bely ons geloof in die Here se liefde.

Dit is alles regte godsdiens. Dit is regtig dank, eer lof en aanbidding in ons harte wat ons regtig vir die Here sê en vra.

Wat doen ons nooit in die kerk nie. Ons bring nooit offers vir ons sonde nie. Ons gaan nooit na 'n hoëpriester toe nie want daar is nie meer so iets nie. Ons gaan ook nooit na tempels toe nie, want daar is nie iets soos tempels, nie. Tempels is plekke waar offers vir God gevat word en ons vat nie meer offer na God toe nie.

Wanneer iemand maak asof hy offers na die kerk toe vat of daar iemand soos 'n hoëpriester in die kerk is, dan is hulle nie met godsdiens besig nie.

Dit is sommer tempelspeletjies. Hulle is besig om speel-speel te maak asof die kerkgebou waar ons die Here aanbid nou sommer 'n tempel is.

5. Dit gebeur regtig in kerke.

Hierdie tempelspeletjies gebeur vandag regtig in baie kerke.

Dit werk só. Die dominee of pastoor preek en vertel vir die mense hulle is nie regtig kinders van die Here nie. Hy vertel vir hulle hoe ver hulle van die Here af is. Dan sê hulle vir die mense dat die Here hulle net sal vergewe as hulle hul hart en lewe aan God gee vir al die verkeerde dinge wat hulle gedoen het.

Dan moet die mense opstaan en na vorentoe in die kerk loop. As hulle daar voor die dominee of pastoor staan dan sê hy hulle moet nou daar voor almal hulle harte en lewe vir die Here gee en dan sal die Here hul sondes vergewe.

En wanneer hulle dan daar staan en dit doen, dan bid die dominee en sê dan hardop dat God hul harte en lewe gevat het en hulle sonde vergewe het.

Hierdie is nie godsdiens nie. Dit is 'n tempelspeletjie.

Want die mense moet hulle self aan die Here as offer vir hulle sonde gee. Hulle moet hulle hart of lewe aan God gee as betaling vir hulle sonde. Dit is 'n offer speletjie om jou hart of lewe vir God te offer.

Hoekom?

Want net Jesus het sy hart en lewe aan God as offer gegee. En dit was regtig. Dit was die regte en enigste offer wat ooit vir ons sondes gegee was. Ons mag nie sulke offers ooit weer vir die Here vir ons sondes gee nie. Wanneer ons dit doen

is dit nier regtig nie. Dit is sommer 'n offerspeletjie.

Wie vat die regte offer na God? Dit is Jesus. Hy is die Hoëpriester in die hemel. Maar hierdie mense gaan na vorentoe in die kerk en gaan staan voor die dominee. Dan bid die dominee en hy sê God het hulle offers aanvaar.

Wie is nou die hoëpriester wat mense se offers na God toe vat? Nou is dit die dominee wat hierdie mense in gebed aan God opdra en dan verklaar hulle offers is deur God aanvaar.

Wie is hierdie man wat voor in die kerk staan nou? Nou is hy nie meer 'n regte dominee wat die Woord van die Here preek nie. Nou dink hy hy is die nuwe hoëpriester wat mense se lewe en harte aan God opdra.

Hy is besig met 'n hoëpriesterspeletjie.

Wat noem 'n mens plekke waar mense offers vir God vir hulle sonde vat?

Dit is tempels. Hulle maak van die kerkgebou 'n tempel. Terwyl daar nie meer tempels op aarde kan wees nie. Ons tempel is die hemel waar God Christus se offer aanvaar het sodat ons nooit weer offers vir ons sonde op aarde mag bring nie.

Hierdie tempelspeletjie speel hierdie mense orals. Hulle sal sommer by die skool vir mense sê hulle moet hulle harte en lewe vir God bring om vergewe te word. Hulle doen dit baie by kampe waar kinders uitgevat word en dan speel hulle sommer so op die kamp hierdie tempelspeletjie.

6. Ons glo in Christus en aanbid God.

Ons speel nooit hierdie tempelspeletjie om vorentoe te stap in kerke of op kampe en dan te maak asof ons ons harte en lewens vir God as offer vir ons sonde kan gee nie. Ons speel nie offerspeletjies nie. Ons glo in Jesus en aanbid God.

Ons glo in Jesus wat sy offer in die hemel na die Vader gevat het sodat ons nooit weer enige iets vir ons sonde vir God hoef te gee nie.

Ons dank God, eer God, loof God, glo in God en leef met ons hart vir God. Ons gee nie ons hart en lewe vir God nie. Hy het dit vir ons gegee om in Hom te glo en Hom te aanbid.

As mense offerspeletjies wil speel dan loop ons weg van hierdie offerspeletjies af. Ons speel nooit saam nie. Ons geloof en aanbidding is nie 'n offerspeletjie nie.